Senwes

# TUSSENTYDSE RESULTATE

## 31 OKTOBER 2015



MEER AS NET LANDBOU

Senwes equipment · Senwes credit · Senwes grainlink · TradeVantage™

“DIE SENWES GROEP HET ‘N GEÏNTEGREERDE BESIGHEIDSMODEL WAT SY KERNDOELSTELLING FASILITEER, NAAMLIK OM OP ‘N VOLHOUBARE WYSE ‘N BETEKENISVOLLE BYDRAE TE LEWER TOT VOEDSEL-SEKERHEID IN SUID-AFRIKA.”



# INHOUDSOPGAWE


FINANSIËLE VERHOUDINGS ____ 4

BESIGHEIDSOORSIG ____ 5

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE ____ 8

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE ____ 9

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT ____ 10

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT ____ 10

AANTEKENINGE TOT DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE ____ 11


KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 44 EN 45 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 2008 ____ 14





# FINANSIËLE VERHOUDINGS

## FINANSIËLE FOKUSPUNTE


### GENORMALISEERDE WESENS-VERDIENSTE PER AANDEEL (SENT/AANDEEL)




### EBIT (VOORTGESETTE BEDRYWE) (R'M)





### WINS NA BELASTING (R'M)





## RISIKO- & OPBRENGS-AANWYSERS


### DIVIDEND (SENT/AANDEEL)




### EIEKAPITAALVERHOUDING (%)
(ekwiteit/totale bates)




### OPBRENGS OP EKWITEIT (%)
(vir 6 maande)



# BESIGHEIDSOORSIG

## STRATEGIESE OORSIG

Senwes werk aan ‘n rollende 10-jaar strategie na 2025. Die fokus van hierdie strategie is die uitbreiding van ons kernbesigheid, die veredeling van waarde, groter deelname aan die hantering van sagtekommoditeite en die verlaging van risiko’s in die huidige portefeulje ten einde na nuwe markte uit te brei. Die fokus is ook op interne innovasie en integrasie van besigheidsdienste ten einde die spandeervermoë van die klant sowel as markaandeel te vergroot en daardeur die dienste van die onderskeie entiteite te verbeter.

## FINANSIËLE EN OPERASIONELE OORSIG

‘n Wins na belasting van R103 miljoen is behaal, wat 9,7% laer is as die R114 miljoen van die ooreenstemmende periode die vorige jaar. Alhoewel die volumes met 42% afgeneem het, het groter effektiwiteit en nougesette kostebestuur die impak van die droogte versag. Heelwat droogtemitigerende aksies is verder ingestel en gefokusde kontraktering en margedissipline is aan die dag gelê. Positiewe kontantvloei van R187 miljoen is gevolglik uit bedrywe gegenereer en R49 miljoen hiervan is gespandeer aan kapitaalprojekte ten einde die produktiwiteit van infrastruktuur te verhoog.

Die netto batewaarde het sedert jaareinde vanaf R10,55 per aandeel gestyg na R10,94 per aandeel, nadat dividende van 26 per aandeel gedurende September 2015 betaal is.

Die eiekapitaalverhouding het verbeter vanaf 38% na 44% sedert 30 April 2015, terwyl die rentedekking weens die groter landboudebiteureboek verswak het na 2,9 keer (Okt 2014: 4,1 keer).

## BESIGHEIDSELEMENTE: OORSIG EN VOORUITSKOUING

**Marktoegang**

Die tradisionele Senwes gebied het 98% van die gemiddelde langtermynreënval die afgelope seisoen ontvang, terwyl die oes 42% kleiner was as die vorige jaar. ‘n Swak verspreiding van reën en uitermatige hoë temperature in die kritiese maande van Januarie en Februarie 2015 het die ontwikkeling van die oes gekniehalter. Daarteenoor het die produsent minder van sy beoogde oes verskans in die voorseisoen, wat hom in staat gestel het om sy oes teen ‘n prys van gemiddeld

67% hoër as die vorige seisoen te likwideer. Dit het tot 'n groot mate vergoed vir die laer volumes.

Laer volumes het egter 'n direkte invloed op Senwes se silobedryf en die verwagting is dat die bedryfsinkomste direk sal korreleer met die afname in volumes. Hoër oordragvoorraad uit die vorige seisoen en vroeër lewerings het egter die verwagte impak tot 'n mate versag vir die eerste 6 maande van die 2016 finansiële jaar.

Die silobedryf kon verder daarin slaag om, ten spyte van 'n kleiner oes en dus groter mededinging, sy markaandeel te handhaaf. Heelwat kapitaalprojekte is geoormerk om die produsent se effektiwiteit te verhoog en om produkte en dienste verder uit te brei. Die besigheid het 'n bedryfswins voor belasting van R98 miljoen afgelewer in die eerste semester teenoor R97 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

**Insetverskaffing en Meganisasie**

Die effek van die lae oordragvogvlakke, min en laat voorseisoenreëns en aanduidings van 'n mega El Niño veroorsaak onsekerheid oor die aanplantings vir die nuwe seisoen. Ten spyte hiervan was omsette van hooflyn-insetprodukte (kunsmis, brandstof en saad) vir die eerste ses maande van die finansiële jaar 8% hoër as die vorige finansiële jaar.

Die diversifikasie na die somersaaigebied in die ooste het 'n groter verspreiding meegebring en mitigeer tot 'n mate die risiko van klimaat en geografie. Die groothandelverspreidingsbesigheid was ook 'n slagoffer van die nasionale droogte en uitdagende ekonomiese toestande. Senwes se meganisasiebesigheid het sy markaandeel van 33,7% tot 37,8% vir die rollende periode (Oktober 2014 tot Oktober 2015) verhoog, maar moes 'n mark wat met 31% jaar-op-jaar gekrimp het, trotseer. Klante het hul kapitaalvervangingsprogramme uitgestel na 'n meer genormaliseerde seisoen. Die voorbelaste resultate van die insetkanaal het R25 miljoen beloop teenoor R42 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

**Finansiële Dienste**

Die kredietboek het, gegewe die huidige toestande, uitsonderlik presteer en die uitstaande 2015 somerproduksie-kredietrekenings soos op 31 Oktober 2015 het 7,5% van die totale boek (Okt 2014: 8,4%) beloop. Die samestelling van die boek, klanteseleksie sowel as goeie sekuriteit is oor 'n aantal jare met nougesetheid gevestig en die

huidige makro-ekonomiese en klimaatstoestande toets die volhoubaarheid van die klantebasis en hul absorpsievermoë. Die wins voor belasting van R49 miljoen was op dieselfde vlakke as die R50 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Die versekeringsbesigheid het bestendig presteer en is goed geposisioneer vir verdere uitbreiding.

**Vooruitskouing**

Drie van die vorige vier mega El Niño-seisoene oor die afgelope 50 jaar (1963/64 seisoen, 1982/83 seisoen en 1991/92 seisoen) het tot buitengewone lae oeste aanleiding gegee. Indien dieselfde tendens weer dié seisoen gevolg sou word, word 'n moeilike volgende 18 maande in die vooruitsig gestel in al die fasette van die besigheid. In só 'n geval word heelwat volatiliteit in beide die fisiese, sowel as die afgeleide mark verwag, wat versigtige optrede sal noodsaak.

Selfs al sou die reënvaltoestande normaliseer, sal die tweede helfte van die finansiële jaar na verwagting steeds 'n groot uitdaging wees en sal besigheidsvolumes waarskynlik nie genormaliseerde vlakke bereik nie.

## INTERIM DIVIDENDVERKLARING

'n Interim dividend van 25 sent per aandeel (2014: 24 sent per aandeel) is verklaar vir alle aandeelhouers geregistreer as sulks op die aandeleregister op 4 Desember 2015 en sal teen 11 Desember 2015 betaal word.

Op las van die Raad van Direkteure.

**JDM Minnaar**
Voorsitter

**F Strydom**
Groep Hoof
Uitvoerende Beampte

**CF Kruger**
Groep Hoof
Finansiële Beampte

Klerksdorp
4 Desember 2015

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | 6 maande geëindig 31 Oktober | | 12 maande geëindig 30 April |
|---|---|---|---|
| | **2015 Onge-ouditeer R'm** | **2014 Onge-ouditeer R'm** | **2015 Ge-ouditeer R'm** |
| **Inkomste uit voortgesette bedrywighede** | **4 587** | 5 302 | 8 755 |
| **Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)** | **239** | 267 | 571 |
| Depresiasie en amortisasie | **(22)** | (19) | (38) |
| **Bedryfswins voor finansieringskoste (EBIT)** | **217** | 248 | 533 |
| Finansieringskoste | **(85)** | (57) | (137) |
| **Wins na finansieringskoste** | **132** | 191 | 396 |
| Winsdeel van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | **2** | 1 | 7 |
| **Wins voor belasting uit voorgesette bedrywighede** | **134** | 192 | 403 |
| Belasting | **(37)** | (47) | (106) |
| **Wins vir die jaar na belasting uit voorgesette bedrywighede** | **97** | 145 | 297 |
| Wins/(verlies) na belasting van beëindigende bedrywighede | **6** | (31) | (50) |
| **Wins vir die jaar** | **103** | 114 | 247 |
| **Ander omvattende inkomste klassifiseerbaar na wins en verlies, na belasting** | | | |
| Billikewaardeaanpassing van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate | - | 2 | 1 |
| Valutaverskil op die omrekening van buitelandse bedrywighede | **1** | - | (6) |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting** | **104** | 116 | 242 |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteitshouers van die houermaatskappy | **102** | 111 | 243 |
| Nie-beherende belang | **1** | 3 | 4 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteitshouers van die houermaatskappy | **103** | 113 | 238 |
| Nie-beherende belang | **1** | 3 | 4 |
| VERDIENSTE EN GENORMALISEERDE WESENSVERDIENSTE | | | |
| Verdienste per staat van omvattende inkomste | **102** | 111 | 243 |
| Aanpassings: | | | |
| Waardedaling en aanpassing op silos en ander geboue | - | - | (2) |
| Wins op buitelandse valuta | - | (2) | (8) |
| Verlies/(wins) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | - | 2 | (1) |
| Ekwiteitsverliese toeskryfbaar aan beëindigende bedrywighede | - | - | 25 |
| (Terugskrywing)/waardedaling van beleggings en lenings | **(5)** | 12 | 39 |
| Herstruktureringskoste | - | 3 | - |
| Ander/nie-herhalende items | - | (2) | - |
| **Genormaliseerde wesensverdienste** | **97** | 124 | 296 |
| Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000) | **168 885** | 169 289 | 168 885 |
| Verdienste per aandeel (sent) | **60,9** | 65,7 | 143,4 |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | **57,4** | 73,3 | 175,2 |
| DIVIDEND PER AANDEEL | | | |
| Dividend (sent) | **25,0** | 24,0 | 50,0 |
| Interim dividend | **25,0** | 24,0 | 24,0 |
| Finale dividend | - | - | 26,0 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **1 093,8** | 1 006,2 | 1 054,6 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Soos op 31 Oktober | | Soos op 30 April |
|---|---|---|---|
| | **2015 Onge-ouditeer R'm** | **2014 Onge-ouditeer R'm** | **2015 Ge-ouditeer R'm** |
| BATES | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **347** | 274 | 320 |
| Belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | **216** | 218 | 214 |
| Ander finansiële bates | **4** | 5 | 4 |
| Lenings en bedrae ontvangbaar | **750** | 637 | 656 |
| Uitgestelde belastingbate | **5** | 26 | 20 |
| **Totale nie-bedryfsbates** | **1 322** | 1 160 | 1 214 |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Voorraad | **827** | 896 | 932 |
| Handels- en ander rekeninge ontvangbaar | **1 691** | 1 425 | 2 180 |
| Ander lenings ontvangbaar | **49** | 335 | 17 |
| Voorraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis | **211** | 188 | 323 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **20** | 11 | 68 |
| Kontant- en korttermyndeposito's | **87** | 132 | 13 |
| **Totale bedryfsbates** | **2 885** | 2 987 | 3 533 |
| **TOTALE BATES** | **4 207** | 4 147 | 4 747 |
| EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE | | | |
| **Ekwiteit** | | | |
| Uitgereikte aandelekapitaal | **1** | 1 | 1 |
| Aandelepremie | **67** | 67 | 67 |
| Tesourie-aandele | **(126)** | (121) | (126) |
| Reserwes | **12** | 11 | 3 |
| Behoue inkomste | **1 893** | 1 745 | 1 836 |
| **Eie ekwiteit** | **1 847** | 1 703 | 1 781 |
| **Nie-beherende belang** | **17** | 14 | 17 |
| **Totale ekwiteit** | **1 864** | 1 717 | 1798 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| Rentedraende lenings | **1 002** | 652 | 1 002 |
| Langtermynaansporingsbonusse | - | 13 | 5 |
| **Totale nie-bedryfslaste** | **1 002** | 665 | 1 007 |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Handels- en ander rekeninge betaalbaar | **675** | 799 | 754 |
| Rentedraende lenings | **613** | 860 | 1 117 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **49** | 67 | 18 |
| Ander lenings betaalbaar | **2** | 20 | 42 |
| Belasting betaalbaar | - | 18 | 7 |
| Voorsienings | **2** | 1 | 4 |
| **Totale bedryfslaste** | **1 341** | 1 765 | 1 942 |
| **TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | **4 207** | 4 147 | 4 747 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | 6 maande geëindig 31 Oktober | | 12 maande geëindig 30 April |
|---|---|---|---|
| | 2015 Onge-ouditeer R'm | 2014 Onge-ouditeer R'm | 2015 Ge-ouditeer R'm |
| Kontant uit bedryfsaktiwiteite | **252** | 290 | 575 |
| Dividende ontvang | - | - | 1 |
| Belasting betaal | **(38)** | (54) | (98) |
| Finansieringskoste betaal | **(85)** | (57) | (137) |
| Dividende betaal | **(45)** | (38) | (79) |
| Verandering in bedryfskapitaal | **103** | 153 | (327) |
| **Netto kontantvloei uit/(gebruik deur) bedryfsaktiwiteite** | **187** | 294 | (65) |
| Netto kontantvloei (gebruik deur) /uit beleggingsaktiwiteite | **(113)** | (192) | 53 |
| **Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite** | **74** | 102 | (12) |
| Netto kontantvloei (gebruik deur)/uit finansieringsaktiwiteite | - | - | (5) |
| **Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente** | **74** | 102 | (17) |
| Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar | **13** | 30 | 30 |
| **Kontant en kontantekwivalente - einde van die tydperk** | **87** | 132 | 13 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

## Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2015

| | Uitgereikte aandelekapitaal en -premie R'm | Tesourie-aandele R'm | Behoue inkomste R'm | Ander reserwes R'm | Nie-beherende belang R'm | Totaal R'm |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 30 April 2015 (Geouditeer)** | **68** | **(126)** | **1 836** | **3** | **17** | **1 798** |
| Wins vir die tydperk | - | - | 102 | - | 1 | 103 |
| Ander omvattende inkomste | - | - | - | 1 | - | 1 |
| Dividende betaal | - | - | (45) | - | (1) | (46) |
| Ekwiteitvereffende aandeelgebaseerde betalingskema | - | - | - | 8 | - | 8 |
| **Saldo op 31 Oktober 2015 (Ongeouditeer)** | **68** | **(126)** | **1 893** | **12** | **17** | **1 864** |
| **Saldo op 30 April 2014 (Geouditeer)** | **68** | **(121)** | **1 672** | **3** | **13** | **1 635** |
| Wins vir die tydperk | - | - | 111 | - | 3 | 114 |
| Ander omvattende inkomste | - | - | - | 2 | - | 2 |
| Dividende betaal | - | - | (38) | - | (2) | (40) |
| Ekwiteitvereffende aandeelgebaseerde betalingskema | - | - | - | 6 | - | 6 |
| **Saldo op 31 Oktober 2014 (Ongeouditeer)** | **68** | **(121)** | **1 745** | **11** | **14** | **1 717** |

# AANTEKENINGE TOT DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

## 1. VERSLAGDOENINGSENTITEIT

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state van Senwes Beperk (die "Maatskappy") soos op en vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2015, bestaan uit die Maatskappy, al sy filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes (saam na verwys as die "Groep").

## 2. BASIS VAN VOORBEREIDING

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state is opgestel volgens en voldoen aan die vereistes van IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening.

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting en openbaarmaking soos vereis vir finansiële jaarstate in nie en moet saamgelees word met die Groep se finansiële jaarstate soos op 30 April 2015.

Alle bates en laste gemeet teen billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse in 'n aktiewe mark en is as 'n vlak 1 aangedui. Daar was geen veranderinge met betrekking tot vlakke nie en geen nuwe items is bygevoeg sedert die finansiële state gedateer 30 April 2015 nie.

## 3. VERWANTEPARTYTRANSAKSIES

**3.1 Senwesbel Bpk. ("Senwesbel")**

Dividende van R24,3 miljoen is aan Senwesbel betaal.

**3.2 Handelsdebiteure - Direkteure**

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekenings sowel as ander rekenings waarvoor klante van die Maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die Maatskappy.

Op 31 Oktober 2015 het die direkteure die Groep R4,8 miljoen op bogenoemde rekenings geskuld. Sekuriteit is volgens normale praktyke dienooreenkomstig gevestig.

# 4. BEDRYFSEGMENTE

## Inligting rakende rapporteerbare segmente

| | | Segmentinkomste | | |
|---|---|---|---|---|
| | | 6 maande geëindig 31 Oktober | | 12 maande geëindig 30 April |
| | % Verandering | 2015 R'm | 2014 R'm | 2015 R'm |
| *Finansiële dienste* (Senwes Credit & Certisure Groep) | +20,5% | **106** | 88 | 219 |
| *Insetverskaffing* (Senwes Equipment & Hinterland Groep) | -5,7% | **731** | 775 | 1 463 |
| Bedryfsaktiwiteite | | **814** | 787 | 1 466 |
| Intragroepverkope | | **(83)** | (12) | (3) |
| *Marktoegang* (Senwes Grainlink, Tradevantage & Bunge Senwes) | -16,4% | **3 700** | 4 426 | 6 985 |
| Bedryfsaktiwiteite | | **5 799** | 5 919 | 10 798 |
| Intragroepverkope | | **(2 099)** | (1 493) | (3 813) |
| Normale bedryfsaktiwiteite | | **4 537** | 5 289 | 8 667 |
| Korporatiewe aktiwiteite | | **50** | 13 | 88 |
| **Totale inkomste** | | **4 587** | 5 302 | 8 755 |
| **Wins voor belasting van voortgesette en beëindigende bedrywe** | | | | |
| Belasting | | | | |
| **Wins vir die tydperk van voortgesette en beëindigende bedrywe** | | | | |
| **(Wins)/verlies na belasting van beëindigende bedrywe** | | | | |
| Marktoegang | | | | |
| **Wins na belasting uit voortgesette bedrywe** | | | | |

# 5. AANKOPE EN VERVREEMDING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2015 het die Groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R49 miljoen aangekoop. Eiendom, aanleg en toerusting met 'n boekwaarde van R0,3 miljoen is vervreem gedurende dieselfde tydperk.

# 6. KAPITALE VERPLIGTINGE

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R41 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl R27,1 miljoen gemagtig is deur die direksie maar nog nie gekontrakteer is nie.

Met volmag van die Direksie

**JDM Minnaar**
Voorsitter

**F Strydom**
Groep Hoof
Uitvoerende Beampte

**CF Kruger**
Groep Hoof
Finansiële Beampte

Klerksdorp
4 Desember 2015

| | Segmentresultate | | |
|---|---|---|---|
| | 6 maande geëindig 31 Oktober | | 12 maande geëindig 30 April |
| % Verandering | 2015 R'm | 2014 R'm | 2015 R'm |
| -2,0% | **49** | 50 | 99 |
| -40,5% | **25** | 42 | 89 |
| | **25** | 42 | 89 |
| | - | - | - |
| +1,0% | **98** | 97 | 210 |
| | **98** | 97 | 210 |
| | - | - | - |
| | **172** | 189 | 398 |
| -14,3% | **(32)** | (28) | (65) |
| | - | - | - |
| | **140** | 161 | 333 |
| | **(37)** | (47) | (86) |
| | **103** | 114 | 247 |
| | **(6)** | 31 | 50 |
| | **(6)** | 31 | 50 |
| | **97** | 145 | 297 |

"DIE FOKUS VAN ONS STRATEGIE IS DIE UITBREIDING VAN ONS KERNBESIGHEID, DIE VEREDELING VAN WAARDE, GROTER DEELNAME AAN DIE HANTERING VAN SAGTEKOMMODITEITE EN DIE VERLAGING VAN RISIKO'S IN DIE HUIDIGE PORTEFEULJE TEN EINDE NA NUWE MARKTE UIT TE BREI."



# KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 44 EN 45 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 2008

Op 28 Augustus 2015 (tydens die algemene jaarvergadering) is goedkeuring deur die aandeelhouers verleen vir die verlening van finansiële bystand aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes van Senwes in terme van artikel 44 en 45 van die Maatskappywet, nr 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand verleen:

| MAATSKAPPY | Bedrag R'm |
|---|---|
| Thobo Trust | 1,0 |
| Senwes Share Incentive Scheme Trust | 20,5 |
| Grasland Ondernemings (Edms) Bpk: Ondersteuningsbrief | 2,3 |
| Grasland Ondernemings (Edms) Bpk | 2,6 |
| Senwes Graanmakelaars (Edms) Bpk | 0,1 |
| Senwes Agrowth (Edms) Bpk | 0,1 |

**DIREKTEURE:**

JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Groep Hoof Uitvoerende Beampte)*, ZBM Bassa, SF Booysen (Onder-Voorsitter), JBH Botha, AJ Kruger, CF Kruger (Groep Hoof Finansiële Beampte)*, J Maswanganyi (Groep Uitvoerende Direkteur: Korporatief)*, JJ Minnaar, NDP Liebenberg, AK Olivier**, TF van Rooyen, WH van Zyl, AG Waller. EM Joynt (Maatskappysekretaris). *Uitvoerend **Alternatief





# KORPORATIEWE INLIGTING

## GEREGISTREEDE KANTOOR

Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570

**Posadres:** Posbus 31, Klerksdorp, 2570

**Telefoon:** (018) 464 7800

## OORDRAGSEKRETARISSE EN AANDELEVERHANDELINGSKAMER

Die Maatskappysekretaris

**Posadres:** p/a Die Sekretaris, Senwes Beperk, Posbus 31, Klerksdorp, 2570

**Telefoon:** (018) 464 7800

**Webwerf:** www.senwes.co.za



Senwes

CertiSure GRAINOVATION Hinterland JD IMPLEMENTE Grasland